NUUSBULLETIN

APRIL 2024

MAANDELIKSE PRAATJIE

Maandag 29 April 2024 @ 10:00
Die Waenhuis, Jagersbosch

DIE GESKIEDENIS VAN MELKHOUTFONTEIN

Keith Muller

Vader Keith Muller is leraar van St. Augustine Anglikaanse Kerk in Melkhoutfontein, waar hy sedert 2021 werksaam is.

Hy het teologie studeer aan St. Paul's College te Grahamstad en daarna diplomas en kwalifikasies in verskeie ander vakgebiede verwerf.

Sy spesiale belangstelling is die ontwikkeling van landelike gemeenskappe, armoedeverligting, oplei-ding van werkers, bestuurders en entre-preneurs, asook jeugontwikkeling. Hy het al verskeie kursusse en lesings oor hierdie en soortgelyke onderwerpe aangebied.

Nadat hy sy loopbaan by St. Luke in Albertinia begin het, het hy diens gedoen in Plettenbergbaai en is daarna aangestel as leraar in onderskeidelik Riversdal, Albertinia en daarna George. Hy was ook vir 'n tyd verbonde aan die Katedraal van St. George in Kaapstad. Sedert 2021 is hy verbonde aan St. Augustine Anglikaanse kerk in Melkhoutfontein.

Vader Muller is aktief betrokke by gemeenskaps-ontwikkeling en dien op verskeie rade en komitees.

NEWS BULLETIN

APRIL 2024

MONTHLY TALK

Monday 29 April 2024 @ 10:00
Die Waenhuis, Jagersbosch

THE HISTORY OF MELKHOUTFONTEIN

Keith Muller

Father Keith Muller is rector at St Augustine's Anglican Church in Melkhoutfontein where he has been active since 2021.

He studied theology at St Paul's College in Grahamstown, acquiring numerous other diplo-mas and qualifications since then in diverse subjects.

His special interests are development of rural communities, poverty alleviation, training and education of workers, managers and entre-preneurs as well as youth development. On these and related topics he has presented several courses and papers.

Having started his career at St Luke's in Albertinia, he subsequently moved on to Plettenberg Bay, becoming rector in Riversdale, and then Albertinia and George. He was also attached to the Cathedral of St George in Cape Town. Since 2021 to the present he has been at St Augustine's in Melkhoutfontein.

Rev Muller is active in community development and has served on several boards and councils.

MAANDELIKSE PRAATJIES 2024

Die voorlopige program vir die volgende maande is soos volg. Die program kan op kort kennisgewing verander.

27 Mei Marietjie Strydom (onderwerp sal bevestig word).

24 Junie Johan Viljoen: Die keldering van die USS Indianapolis.

29 Julie Deon Begemann: Insekkampioene, met spesiale verwysing na RSA spesies.

MONTHLY TALKS 2024

The provisional programme for the following months is as follows. The programme may change at short notice.

27 May Marietjie Strydom (topic to be confirmed).

24 June Johan Viljoen: The sinking of the USS Indianapolis.

29 July Deon Begemann: Insect champions, with special reference to RSA species.

U3A STILBAAI GROEPE

Twee **nuwe groepe** is pas gestig:

- 'n **Filosofiegroep** onder leiding van Martin Groenewald. Kontak mfgroenewald@gmail.com.
- 'n **Poetry for Pleasure** groep onder leiding van Pat van Zijl. Kontak patvanzijl@gmail.com.

Hierdie twee groepaktiwiteite sal 'n aanvang neem sodra genoeg belangstellendes geregistreer het.

- Die **Voëlgroep** vergader op 10 April om 19:00 in die Waenhuis.

U3A Stilbaai het verskeie groepe wat aktiwiteite vir lede aanbied. Meer inligting oor die groepaktiwiteite is op ons webtuiste: www.u3astilbaai.org.

U3A STILBAAI GROUPS

Two **new groups** have just been established:

- **Philosophy group** led by Martin Groenewald. Contact mfgroenewald@gmail.com.
- **Poetry for Pleasure** group. Pat van Zijl is the contact person: patvanzijl@gmail.com.

These groups will start their activities when enough interest has been shown.

- The **Bird Group** is having a meeting on 10 April at 19:00 in the Waenhuis.

U3A Stilbaai has several groups offering activities to members. More information about the group activities may be found on our website: www.u3astilbaai.org.

UITSTAPPIE NA DIE GROENEWALD TREKKERMUSEUM

Indien u belangstel om na die trekkermuseum by Putstop op die Droë vlakte te gaan kyk, kontak Phil Scheffer by estherscheffer22@gmail.com of bel 0287543589 voor 29 April. Phil sal 'n lys opstel waarna verdere reëlings getref sal word.

OUTING TO THE GROENEWALD TRACTOR MUSEUM

If you are interested to visit the museum at Putstop on the Droë vlakte, contact Phil Scheffer before 29 April at estherscheffer22@gmail.com or phone 0287543589. Phil will draw up a list of interested people where after further arrangements will be made.

LEDEGELD

Ledegeld vir 2024is R30 per persoon. Om samedromming by ons maandelikse vergaderings te vermy (waar u kontant kan betaal), moedig ons lede aan om die ledegeld elektronies in ons rekening in te betaal. Gee asseblief U NAAM as die ontvanger se verwysing. Stuur bewys van betalung asseblief per e-pos aan info@u3astilbaai.org.

Ons bankbesonderhede is:

ABSA Bank

Rekening: U3A Stilbaai

Rekeningnommer: 9321 782 429

Takkode: 632 005

Bedrag: R30 per persoon.

Moet asseblief nie u ledegeld oor die toonbank by ABSA betaal nie – die transaksiefooi alleen is ongeveer R70. Ook nie per kaartlose kontantdeposito nie; die fooi is byna R12.

MEMBERSHIP FEES

Membership fees for 2024 are R30 per person. To avoid the rush at our monthly meetings (where you can pay in cash), we urge members to transfer the money into our account electronically. Please enter YOUR NAME as the recipient's reference. Please confirm the payment by e-mail to info@u3astilbaai.org.

Our bank detailas are:

ABSA Bank

Account: U3A Stilbaai

Account number: 9321 782 429

Branch code: 632 005

Amount: R30 per person.

Please do not pay your membership fees over the counter at ABSA Bank - the transaction fee alone is about R70. Neither per cardless cash deposit; the fee is about R12.

AANSPREEKLIKHEID

Neem asseblief kennis van die volgende artikels, aangepas uit die Grondwet van U3A Stilbaai:

10.1 Nóg U3A Stilbaai nóg die Komitee of enige lid van U3A Stilbaai sal enige aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van aksies te goeder trou, of ten opsigte van aanspreeklikhede, wat deur of namens U3A Stilbaai aangegaan is nie.

10.2 Nóg U3A Stilbaai nóg die Komitee of enige lid sal aanspreeklik of verantwoordelik wees vir skade of verlies wat veroorsaak is deur enige aksie of handeling wat deur hom/haar of enige agent in diens van hom/haar of deur enige lid gedoen word, of nagelaat word, mits redelike toesig uitgeoefen is oor enige sodanige agent, of as gevolg van enige fout of weglating wat te goeder trou deur die Komitee of enige lid gemaak is, of as gevolg van enige ander saak of ding anders as opsetlike en individuele bedrog of wangedrag of onregmatige weglating aan die kant van die Komitee of enige lid wat gesoek word om aanspreeklik gehou te word.

LIABILITY

Please take note of the following articles from the Constitution of U3A Stilbaai:

10.1 Neither U3A Stilbaai nor the Committee nor any member of U3A Stilbaai shall incur any liability in respect of actions in good faith or in respect of liabilities incurred by or on behalf of U3A Stilbaai.

10.2 Neither U3A Stilbaai nor the Committee nor any member shall be chargeable or responsible for damage or loss caused by any thing or act done or omitted to be done by him/ her or any agent employed by him/her or by any member, provided reasonable supervision be exercised over any such agent, or by reason of any mistake or omission made in good faith by the Committee or any member or by reason of any other matter or thing other than wilful and individual fraud or wrongdoing or wrongful omission on the part of the Committee or any member who is sought to be made liable.

©2024: U3A Stilbaai www.u3astilbaai.org ; info@u3astilbaai.org